# Verhoogde toegang tot drank lei tot meer geslagsgeweld – studie

NETWERK24
Marita Herselman



Foto ter illustrasie.

Getty Images

'n Hoër konsentrasie van drankverkooppunte, verlengde handelsure en wydverspreide ongelisensieerde drankverkope lei tot 'n groter risiko vir gesinsgeweld en geweld teen vroue en kinders.

So het die Suider-Afrikaanse Alliansie vir Alkoholbeleid (Saapa) en die Universiteit van die Witwatersrand (Wits) se skool vir openbare gesondheid bevind in 'n studie wat oor agt gemeenskappe in Suid-Afrika, Lesotho, Botswana en Namibië heen gedoen is.

Die navorsers het die verband tussen die beskikbaarheid van alkohol en geslagsgeweld in die volgende plekke ondersoek:

- **Suid-Afrika:** Eastridge in Mitchells Plain, Kaapstad; en Muledane, Thohoyandou Blok J, Limpopo
- **Botswana:** Lobatse en Molepolole
- **Lesotho**: Teyateyaneng en Lithoteng
- **Namibië:** Otjomuise en Rehoboth

Die studie is Dinsdag op Saapa se webtuiste gepubliseer.

ADVERTENSIE

“Fokusgroepbesprekings en onderhoude met sleutelinformante in al vier lande het alkoholbeskikbaarheid as 'n alomteenwoordige kenmerk van gemeenskapslewe beskryf.

“ 'n Hoë digtheid van verkooppunte, verlengde handelsure en wydverspreide informele en ongelisensieerde verkope is konsekwent verbind met geslagsgeweld, misdaad, gesinspanning en wyer maatskaplike ontwrigting.”

Volgens die studie kon daar ondanks verskeie pogings slegs data vir geslagsgeweld in Eastridge bekom word.


'n Ruimtelike ontleding van dié data het 'n geografiese verband tussen gebiede met meer plekke waar drank beskikbaar is en meer gerapporteerde gevalle van geslagsgeweld gewys.

“Hoewel oorsaaklikheid nie afgelei kan word nie, strook die ruimtelike patroon met gemeenskapsverslae wat alkoholbeskikbaarheid aan 'n risiko vir geweld koppel.”

# Makliker toegang tot alkohol lei tot meer voorvalle van geslagsgeweld

**'n Hoër konsentrasie van drankverkooppunte, verlengde handelstye en wydverspreide ongelisensieerde drankverkope lei tot 'n groter risiko vir gesinsgeweld teen vroue en kinders. So het die Suider-Afrikaanse Alliansie vir Alkoholbeleid (Saapa) en die Universiteit van die Witwatersrand se skool vir openbare gesondheid bevind in 'n studie wat oor agt gemeenskappe in Suid-Afrika, Lesotho, Botswana en Namibië heen gedoen is.**






Bronne: Saapa, Wits-skool vir openbare gesondheid THEUNS KRUGER, Netwerk24-grafika

# Toegang tot alkohol en voorvalle van geslagsgeweld

## Alkoholverkope en voorvalle van geslagsgeweld in sones in Eastridge




## Voorvalle van geslagsgeweld volgens geslag in sones in Eastridge



Ongelisensieerde drankverkooppunte in die betrokke gemeenskappe was by verre meer as gelisensieerde verkooppunte – slegs 33% was volgens amptelike rekords gelisensieer.

Die gemeenskappe in Namibië (44,9%) en Suid-Afrika (37,1%) het die hoogste persentasie gelisensieerde drankverkooppunte gehad. Die meerderheid van die verkooppunte (58,6%) is aangemeld as ongelisensieerd, en 8,4% was onseker oor hul status.

Die navorsers het altesaam 787 drankverkooppunte in hul veldwerk oor die gemeenskappe heen geïdentifiseer, terwyl slegs 348 gelisensieerde punte in amptelike rekords gevind is.

Volgens die studie sou byna die helfte van die drankverkooppunte nie vasgelê gewees het as daar slegs op administratiewe data staatgemaak is nie.

"Dit beklemtoon beperkings in bestaande regulatoriese datastelsels en teenstrydighede tussen amptelike lisensierekords en die werklike beskikbaarheid op die grond.

" 'n Groot aantal verkooppunte was sewe dae per week in bedryf, en 24-uur-handel is by verskeie terreine aangeteken, veral in Botswana en Namibië. In baie gevalle het gelisensieerde verkooppunte langer ure handel gedryf as wat amptelik geregistreer is, wat wys op swak of geen wetstoepassing."

Die meeste van die plekke het drank van Maandag tot Sondag verkoop, met die hoogste persentasies in Suid-Afrika (87,1%) en Botswana (85,3%). 'n Kleiner persentasie was van Maandag tot Saterdag in bedryf in veral Namibië (26,6%) en Lesotho (19,3%). Slegs 0,5% van die drankverkooppunte het slegs van Maandag tot Vrydag handel gedryf, het die studie bevind.

Die konsentrasie van drankverkooppunte was in albei Lesotho-gemeenskappe aansienlik hoër as in die ander.

ADVERTENSIE

"Die studie het ook bevind dat nienakoming van lisensiëringsvoorwaardes en wette binne die gemeenskappe genormaliseer is. Inwoners het 'beperkte inspeksies en inkonsekwente toepassing van handelsure-beperkings'

gerapporteer, terwyl wetstoepassers hulpbronbeperkings as een van die redes vir die tekortkominge toegeskryf het," lui 'n verklaring van Saapa.

Die navorsers het in hul aanbevelings die behoefte aan groter gemeenskapsdeelname in die toeken van lisensies voorgestel.

"Ons beveel verder aan dat die toeken van dranklisensies in residensiële gebiede dringend hersien word. Ons navorsing het bevind dat hoë konsentrasies drankverkooppunte in en om woongebiede verband gehou het met hoër vlakke van geslagsgeweld, misdaad en gesinsontwrigting," het Aadielah Maker Diedericks, Saapa se sekretaris-generaal en een van die hoofnavorsers van die studie, in die verklaring gesê.

Daar is ook 'n beroep gedoen vir effektiewe wetstoepassing deur die toewysing van voldoende menslike en finansiële hulpbronne.

– marita.herselman@24.com